

**Dinsdag 8 Maart**

**Skrifgedeelte: Jesaja 58:1-14 (1953-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 58:13-14**

**Verlustig jou in die Here**

Jesaja veroordeel die vormgodsdien van sy tydgenote, want dit bly nog steeds by 'n uitwendige diens aan God, sonder enige ware aanbidding en verheerliking. Hy veroordeel die vormdiens, maar nie die vorme self nie. Met ander woorde Jesaja veroordeel die manier waarop die Jode gevas het, maar nie die vas self nie.

Hy gaan daarna oor tot 'n bepaalde vorm, naamlik die sabbat. Waarom die sabbat? Omdat ons diens aan God altyd voorop moet staan. Eers die liefde tot God en dan die liefde tot die naaste. As ons liefdesdiens op God gerig is, is dit godsdien. Maar in vandag se tye is die fokus meer op die mens gerig met al sy regte en behoeftes. By dié dinge mag dit egter nie bly nie, want die diens van die mens kan nooit die diens van God vervang nie.

Volgens Jesaja dui die ware sabbatsdiens op die ware godsdien, en nie mensediens nie. Die kern van hierdie verse word in die volgende woorde saam getrek: "... as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou ... dan sal jy jou verlustig in die HERE" (Jes. 58:13b, 14a).

So is die rusdag ingestel juis ter wille van die Here en ter wille van sy diens. Wie dit as sodanig eer en dit sy vreugde noem, verlustig hom in die Here en in sy diens. Dit is elke gelowige se vreugdevolle taak. Dan is Sondag die dag van God en sy diens, die dag van die rus in God, die blydschap in God, die verlustiging in God. Dan is die Sondag 'n teken van die verbond en nie 'n teken van ontspanning nie, dit is 'n heilige dag en nie 'n ledige dag nie.

Die rusdag is die dag om die siel voor God te stel, die dag van geestelike verlustiging. Deur die bloed van Christus het Hy ons van sonde en vrees verlos sodat die rusdag inderdaad vir ons 'n dag van vrede en rus kan wees. Vrede met God en rus in God. As hierdie eerste dag van die week heilig is, dan is al die dae van die week Godgewyd. Daarom is kerkbywoning so belangrik, want daardeur ontvang God sy eer en verlustig ons ons in die Here.

*Sing: Skrifberyming 43 (15-7):1, 4*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*